



Sondag 2 Mei 2021

REEKS: 7 C's: Caring (Omgee)

TEMA: Wanneer omgee moeilik raak...

TEKS: Lukas 10:25-37

1. VERWELKOMING

Dit is vir my 'n voorreg om saam met jou vanmôre te kuier. Ons is besig met 'n reeks die afgelope paar weke, die 7 C's, en hierdie week staan ons stil by **CARING**, omgee. Mag jy vandag diep geraak word deur 'n ou bekende verhaal wat ons saam gaan lees- die verhaal van die barmhartige samaritaan. En mag God weer by jou 'n vuur van omgee aansteek.

2. TOEWYDING

Klaagliedere 3:22-23, Die Boodskap

Die Here hou nooit op om vir ons om te gee nie. Hy bly getrou. Sy liefde het ons gespaar. Hy het gekeer dat ons heeltemal uitgewis is. 'n Mens kan altyd op U vertrou. Elke oggend is U maar weer daar.

3. SEËNGROET

Die bedoeling van die seëngroet is nie maar bloot om 'n versameling van gelowiges te groet nie. Dit is veel meer. Dit is om al die seëninge van die teenwoordige Here, Hy wat vanmôre saam met ons is, oor te dra. Ons bevestig dat die lewende Here teenwoordig is, en dat Hyself ons as sy gemeente groet. Op hierdie manier bevestig ons dat ons, hierdie versameling van mense wat na hierdie boodskap luister vanmôre, daar waar jy ookal is, dat ons inderdaad die Here se gemeente is.

Genade en vrede vir julle van God die Vader, aan sy liefde is daar geen einde nie. En van God die Seun, ons skuld het Hy gedra. En van God die Heilige Gees, Hy maak ons nuut!

4. GEBED

Here, daar is geraas in my hart. Al word dit soms stil rondom my, is dit of die geraas binne my net nie stil word nie. As ek besig is, dan pla dit my nie so erg nie, dan is dit maar soos donderweer in die verte. Maar as dit stil word rondom my, daar waar ek in die nag wakker lê en peins, dan word hierdie veraf gedreun 'n skrikwekkende storm. En die klank is nie die majestueuse klank van 'n simfonie wat opwerk tot 'n magtige crescendo nie, nee, dis soos die oorverdowende gekap van potte en panne. Wat 'n lawaai. En ek voel magteloos om dit stil te maak hier binne-in my.

Here, die week het verbygevlieg en die vakansie is verby en vanaand maak ons almal weer naorstigtelik reg vir die week wat voorlê. Dis nie asof ek nie wil ophou jaag nie, Here, maar die lewe stoomroller my. Soveel dinge het gebeur Here. Soveel dinge moet nog gebeur. Soveel dinge het kom seermaak of kom vassit op my skouers. Ek dink nie eers daar was tyd vir huil hierdie week nie, Here.

Maar ek is hier Here. Op hierdie moment is ek hier. Hier met my stormende hart en my uitasem gebede. Ek is hier Here want U is hier...by my. Nader as my eie asem. Here Jesus, U wat eens die wind en die golwe aangespreek het en dit het stil geword, maak dit stil in my. Spreek net 'n woord... en u vrede sal in my hart kom heers.

Ek wag ...

stil ...

geduldig.

Tot ek u liefdevolle opdrag hoor en as u vir my sê: wees stil en weet, ek is die Heer.

Mag ek U sagte stem in hierdie stilte hoor, U liefde en omgee in hierdie stilte voel...en mag u vrede wat alle verstand te bowe gaan my vul...

Amen

5. BOODSKAP: INLEIDING

Die gelykenisse van die barmhartige Samaritaan en die verlore seun is seker die twee gelykenisse wat ons die heel beste ken. Die gevaar is dat ons 'n verhaal soms so goed ken dat ons nie meer nuwe dinge daarin kan raaksien nie, want weens die oorbekendheid hou ons op met soek. So, wat nuuts sê ek nou vanmôre vir jou oor die barmhartige Samaritaan? En tog, as mens die gelykenis fyn gaan lees, is daar kernboodskappe daarin wat meeste van ons dalk nog nie voorheen raakgesien het nie.

Amy-Jill Levine skryf dat ons geloof bedoel is om verdruktes te troos en gemaklikes te verdruk. In Engels: **“to comfort the afflicted and to afflict the comfortable.”** As 'n mens m.a.w. na 'n gelykenis soos hierdie luister en jy dink “Ja! Ek hou daarvan”, of, erger nog, dit daag jou nie uit nie, dan, sê Levine, het jy nog nie goed genoeg geluister nie. Dis veronderstel om jou ongemaklik te maak, om jou uit jou gemakssone te skud.

Dalk sou ons meer uit ons gemakssone gedruk kon word as ons hierdie gelykenis sou vertaal vir ons dag. Dalk sou dit die storie wees oor die boer wat langs die pad lê na 'n plaasaanval, en die Black First Land First aktivis wat verbygestap kom.

Dan sit hierdie storie dalk heel anders in 'n mens se keel.

Kom ons lees saam:

6. SKRIFLESING

Lukas 10:25-37

25Daar was 'n wetgeleerde...

(Die wetgeleerdes was die mense wat die Torah – die wet van hulle tyd – permanent bestudeer en uit hulle kop geken het. Hulle was onder die indruk dat hulle hierdie hele wet nougeset nagekom het, onder andere deur hulleself “rein” te hou, deur bv. kontak te vermy met mense wat hulle gedink het “onrein” is.)

25Daar was 'n wetgeleerde wat aan Jesus 'n strikvraag wou stel.

(Want sien, Jesus het mos hierdie reputasie gehad dat hy nie die wet ernstig opgeneem het nie. So hierdie wetgeleerde het dit as sy kans gesien om vir Jesus vas te trek.)

Hy staan toe op en vra: “Meneer, wat moet ek doen om die ewige lewe te verkry?”

26Jesus sê vir hom: “Wat staan in die wet van Moses geskrywe? Wat lees jy daar?”

27Hy antwoord: “Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag en met jou hele verstand, en jou naaste soos jouself.”

(Hierdie is 'n samevoeging van Deuteronomium 6:5, die sogenaamde “Shema” en Levitikus 19:18)

28“Jy het reg geantwoord,” sê Jesus vir hom. “Doen dit en jy sal die lewe verkry.”

29Maar die wetgeleerde wou homself handhaaf en vra vir Jesus: “En wie is my naaste?”

30Jesus gaan toe nader daarop in deur te sê: “Toe 'n man eenmaal op pad was van Jerusalem af na Jerigo toe, het rowers hom aangeval.

(Hierdie was 'n uiters berugte pad. Jerusalem is 2300 vt (700m) bo seespieël, terwyl die Dooie See, naby Jerigo, 1300 vt (400m) onder seespieël is. Binne net meer as 32km val die pad dus met 3600 vt (1100m). Dis nie wat dit

gevaarlik gemaak het nie. Die draaie en rotse en nou paaie het dit die ideale plek vir rowers gemaak. In die 5de eeu het dit nog bekendgestaan as die “Rooi Pad” of die “Bloedige pad”. Selfs so onlangs soos 1930 het reisigers nog geskryf dat jy nie ná donker op dié pad gaan nie.)

Hulle het hom kaal uitgetrek

(Dis ‘n belangrike detail. In daardie dae het mense klere gedra wat hulle stam identifiseer. As hy kaal is, weet ons nie wie of wat hy is nie.)

en hom geslaan dat hy halfdood bly lê, en toe padgegee. 31Dit gebeur toe dat daar 'n priester met daardie pad langs kom, en toe hy hom sien, gaan hy ver langs verby. 32Net so het daar ook 'n Leviet by die plek gekom, en toe hy hom sien, gaan hy ook ver langs verby.

(Wat te verstane is! Dit kan ‘n lokval wees. Dalk is hulle haastig, het hulle afsprake waar hulle moet wees. In elk geval, die kans is groot dat hulle, as hulle aan die ou raak, onrein gaan raak. Hulle albei werk in die tempel. As hulle onrein is, sal hulle nie hulle werk kan doen nie.)

33Maar 'n Samaritaan

(Nou hierdie is ‘n groot twist in die storie. Die Jode het destyds stories vertel om die geestelike elite – die wetgeleerdes en so – se behepthed met die detail van die wet, te kontrasteer met die gewoon gesonde verstand van die gewone Jood op straat. Hulle het stories vertel van die priester, die Leviet en die Jood – soos wat ons vandag stories sal vertel van (ek weet nie), die boer, die Engelsman en Van der Merwe. Die punt is, hulle verwag van die derde karakter om ‘n Jood te wees. Dis hoe hierdie stories verloop.

Maar ‘n Samaritaan?! Daar was ‘n gesegde: Die enigste goeie Samaritaan is ‘n dooie Samaritaan. Gewoon net as ‘n Samaritaan se skaduwee oor ‘n Jood val, is daardie Jood onrein. Jode het nie deur Samaria gereis nie. Die Samaritane was ‘n nasie van gemengde bloed. Toe die suiwer, goeie, godsdienstige Jode lank, lank gelede weggevoer is in ballingskap, was hierdie mense se voorsate die mense wat agtergebly het. En toe gaan staan vermeng het met die Babiloniese en ander koloniste. Toe die suiwer Jode terugkeer en begin om die tempel te herbou, wou die Samaritane help, maar die Jode het geweier. Die Samaritane het gereageer deur die bouproses te probeer ondermyn. Toe gaan staan bou hulle mos hul eie tempel op ‘n ander plek en bid op die heel verkeerde manier op die heel verkeerde plek. Hulle was ketters, g'n suiwer Jode nie. In die Makkabese oorlog het die Jode die Samaritane se tempel vernietig. Rondom die tyd wat Jesus gebore is, het ‘n groep Samaritane menslike beendere in die tempel in Jerusalem gestrooi, en sodoende die tempel ontheilig.

Hierdie is nie hoe die storie moet verloop nie!

33Maar 'n Samaritaan wat op reis was, het op hom afgekom, en toe hy hom sien, het hy hom innig jammer gekry.

(Die woord wat hier vertaal word met “innig jammer gekry”, kom net op 2 ander plekke in Lukas voor. Een keer beskryf dit vir Jesus en die ander keer die pa van die verlore seun. Dit verwys dus elke keer na iets wat God nie, nie ‘n menslike emosie nie.)

34Hy het na hom toe gegaan, sy wonde met olie en wyn behandel en hulle verbind.

(Wat ‘n tipiese manier was om wonde in daardie tyd te behandel. Maar dit herinner ook aan godsdienstige rituele wat in die tempel gebruik is. Die Samaritaan se optrede verteenwoordig die ware godsdiens.)

Toe het hy hom op sy rydier gehelp en hom na 'n herberg toe geneem en hom daar verder versorg.

(Die naaste herberg sou in Jerigo wees – in die Joodse gebied waar die Samaritane glad nie welkom is nie! Nou, as ‘n Samaritaan met ‘n aangerande Jood by ‘n ander Jood aankom, dan sal jy mos nou aanneem dis daardie Samaritaan self wat die Jood so aangerand het! Jy weet mos van Samaritane!)

35Die volgende dag haal hy twee muntstukke uit en gee dit aan die eenaar van die herberg en sê: 'Sorg vir hom, en as jy meer onkoste met hom het, sal ek jou betaal wanneer ek hierlangs terugkom.'

(Daar bestaan onsekerheid oor presies hoeveel dit was. Dit blyk genoeg te wees vir enigiets tussen twee weke of twee maande se versorging.)

36"Wie van hierdie drie is volgens jou die naaste van hom wat onder die rowers verval het?"

37Die wetgeleerde antwoord: "Die man wat aan hom medelye bewys het."

(Let op: die wetgeleerde kan nie eers die woord "Samaritaan" oor sy lippe kry nie. Hy antwoord maar eerder so met 'n ompad. Dan kies die wetgeleerde 'n interessante woord... "medelye". Net soos "jammer kry", is dit ook 'n woord wat in die Nuwe Testament nét van Jesus gebruik word. Op een ander plek verwys dit na Abraham, wanneer die ryk man soebat vir genade in Lukas 16:24. "Medelye", soos wat dit hier gebruik word, is ook iets wat God doen.)

Toe sê Jesus vir hom: "Gaan maak jy ook so."

7. BOODSKAP

Hierdie gelykenis word gebore uit 'n strikvraag wat 'n wetgeleerde aan Jesus stel:

"Meneer, wat moet ek doen om die ewige lewe te verkry?"

"Wat staan in die wet? Wat lees jy daar?", antwoord Jesus met 'n teenvraag.

"Jy moet die Here en jou naaste liefhê," sê die wetgeleerde.

"Nou daar het jy dit mos. Gaan doen dit en jy sal die lewe verkry."

Uit hierdie gesprek is dit van meet af aan duidelik dat die wetgeleerde nie werklik 'n antwoord op sy vraag soek nie. Hy het verskuilde motiewe gehad. Hy wou Jesus se vermoë toets om die skrif reg uit te lê. Wanneer Jesus dan die wetgeleerde se vraag met 'n teenvraag antwoord hoor ons dat die wetgeleerde sy aanvanklike vraag aan Jesus se antwoord uit sy kop uit ken, hy kan dit woordeliks opsê: **"Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag en met jou hele verstand, en jou naaste soos jouself."** Sondagskool antwoord. Die liefdeswet is immers die hart van die Joodse godsdiens. Daarom Jesus se reaksie: **"Volpunte vir jou teologie! Gaan doen dit nou en jy sal die lewe verkry."**

Maar die wetgeleerde wou homself handhaaf. Hy het iets om te bewys, want dit lyk nou asof die bordjies verhang is en Jesus te maklik homself uit die strikvraag gekry het. Daarom die volgende vraag (Kom ons kyk of Jesus homself uit hierdie een gaan kry...): **"En wie is my naaste?"**

In hierdie vraag stel die wetgeleerde onmiddellik 'n grens aan naasteliefde. Hy wil weet wie sy naaste is sodat hy eintlik kan weet wie nie sy naaste is nie. Teenoor wie het hy 'n verpligting en teenoor wie nie. Hoe wyd moet die radius van sy naasteliefde strek.

Maar hierdie keer antwoord Jesus weer nie self die vraag nie. Hy vertel eerder 'n gelykenis. 'n Verhaal.

Toe 'n man eenmaal oppad was van Jerusalem af na Jerigo toe, het rowers hom aangeval. Hulle het hom kaal uitgetrek en hom geslaan dat hy halfdood bly lê, en toe padgegee. Toevallig kom daar 'n priester met daardie pad langs, en toe hy hom sien, gaan hy ver langs verby. Die priester gaan om die waarheid te sê letterlik uit sy pad uit om nie naby aan die ongelukstoneel te kom nie. Waarom? Die feit dat hy van Jerusalem af kom sê vir ons dat hy waarskynlik daar diens in die tempel gedoen het, wat sou beteken dat hy kulties rein is. Toe hy die man van ver af sien lê, kaal en gekneus en vir dood gelaat, het hy dalk gedink dat daar 'n moontlikheid is dat hierdie man reeds dood is. En 'n rein priester mag nie aan 'n lyk raak nie. Dit sou veroorsaak het dat hy kulties onrein word – en dis ondenkbaar! Mens offer nie jou reinheid sommer so op nie. Om die priester se dilemma nog beter te verstaan: hy moes 'n sekere afstand vanaf 'n moontlik lyk af bly, ten minste 4 el (ongeveer 1m). Hy kon dus nie die kans vat om naby genoeg te kom aan die man sodat hy kon sien of hy nog leef nie. Want sy reinheid was op die spel.

Vir die priester was die wet om homself rein te hou onvoorwaardelik, terwyl die wet tot liefde voorwaardelik was – dit het afgehang van wie die persoon is en wat sy toestand is. Hoe beter dit met die persoon in nood gaan, hoe veiliger is dit vir die priester om hom lief te hê. Hierdie slagoffer het van ver af al te sleg gelyk.

Net so het daar ook 'n Leviet by die plek gekom. Soos die priesters het die Leviete ook godsdienstige take verrig, maar hulle was nie soos die priesters gebonde aan die reinheidswette nie. Daarom kon die Leviet naderstaan, hy kon die 4 el (1m) grens oorsteek en tot by die plek kom waar die man lê, en hy hét ook. Hy kon hom help! Maar nadat hy gekyk het, het ook hy weggedraai en ver langs verbygegaan. Dalk was die Leviet bang dat die man 'n heiden was, want volgens die Joodse tradisie moes heidene nie gehelp word nie. Of dalk het hy net nie die tyd of die lus gehad om 'n vreemdeling te help wat duidelik baie aandag vereis nie. Sy dagboek is immers vol en daar is afspraak wat wag.

Wat so hartseer is, luister mooi, wat so hartseer was, waar die rowers die slagoffer van sy klere en waarskynlik ook van sy geld beroof het, beroof die “dienaars van God” – die priester en die Leviet – hom van sy menswaardigheid. Hy is nie genoegsaam mens om werklik deur hulle raakgesien te word nie. Dalk is hy van 'n ander land of geloof, of hy lyk te sleg, of hy is dalk al dood. Dus nie die moeite werd om gehelp te word. Hy was dit nie werd genoeg om gehelp te word nie.

Maar 'n Samaritaan!

Nou skok Jesus die wetgeleerde. 'n Samaritaan van alle mense! 'n Samaritaan wat op reis was, het op die slagoffer afgekom, en toe hy hom sien, het hy hom innig jammer gekry. En hy het hom gehelp. Nie net daar langs die pad nie. Hy het hom ook na 'n herberg geneem en daar versorg, 'n héle nag aan die vreemdeling afgestaan, en hy het gesorg dat hy verder versorg word, en die Samaritaan het die koste van die man se versorging uit sy eie beursie betaal.

Hoekom is die gedagte van die Samaritaan so skokkend? Omdat die Samaritane as basterjode beskou is. Die ras-egte Jode het op hulle neergesien. Die Samaritaan word as halfmens gesien deur die opregte Jode. Al het hulle dieselfde Bybel gehad en dieselfde God gedien, was die Jode vyandiggesind teenoor die Samaritane. Hier is 'n Samaritaan in Judea, in die Jode se land. Hy kon veronderstel dat die slagoffer 'n Jood was. Waarom dan betrokke raak? Dit kan immers net vir hom spot en veragting in die sak bring. Wie weet, dalk verset die slagoffer hom nog ook teen sy hulp as hy agterkom dis 'n Samaritaan wat sy wonde behandel. Indien hy 'n Jood was sou die slagoffer dalk die houding kon hê van eerder doodgaan as om deur 'n Samaritaan gehelp te word. Kane k weer 'n eie tydse vergelyking dalk tref – 'n boer na 'n plaasaanval en 'n Black First Land First Aktivist?

Maar die Samaritaan het desondanks al hierdie moontlikhede hom innig jammer gekry. 'n Goeie Afrikaanse woord is **“medelye” (co[m]passion)**. Hy het medelye met die slagoffer gehad, medelye. Daarom vra hy nie wat is die veilige ding om te doen nie, hy vra wat is noodsaaklik. Hy maak nie eers teologiese of politieke berekeninge in sy kop nie. _“Wie is nou eintlik my naaste en wie nie? Waar stop die grens? Ek bevind myself op vreemde terrein, daar is sekerlik geen verpligting op my om te stop en te help nie. Dit kan immers gevaarlik wees vir my!”_ Nee, hy rol bloot sy moue op en hy doen wat gedoen moet word. Hy doen wat die priester en die Leviet nie wou doen nie. Die baster-Samaritaan, die een waarop die Jode neersien, word God se dienaar, God se priester vir die man in nood.

Na die gelykenis gaan haal Jesus dan weer die tweede vraag van die wetgeleerde: **“Wie is my naaste?”** Maar Jesus wys dan vir die wetgeleerde dat hierdie vraag nie gevra moet word nie. Jesus draai die vraag om. Nie: **“Wie is my naaste nie,”** maar **“So, watter een sê jy uit hierdie drie het as naaste opgetree teenoor hom wat onder rowers verval het?”**

Kyk mooi na wat Jesus met die wetgeleerde se vraag doen. Waar die wetgeleerde die fokus plaas op die persoon in nood en vir Jesus vra: **“Watter mense wat in nood is, is ek veronderstel om lief te hê en te help? Waar lê die grens? Wie van hulle is my naastes en waar mag ek maar halt roep?”**, plaas Jesus die fokus op die een wat die hulp verleen: **“Watter een van die drie karakters was bereid om 'n naaste te wees vir die slagoffer?”**

Vir die wetgeleerde moes dit verskriklik wees dat Jesus die priester en die Leviet en dan die Samaritaan teenoor mekaar stel. Die wétgeleerde moet nou kies, hy word gedwing om te sê. Die bordjies word verhang, want op die

ou-end is dit nie Jesus wat voor 'n strikvraag gestel word nie, maar die wetgeleerde. En hy weet hy gaan nie van sy eie antwoord hou nie. Hy hou so min van die antwoord dat hy die Samaritaan nie eens as "Samaritaan" wil identifiseer nie. Al wat hy uitkry is: **"Die man wat aan hom medelye bewys het."**

En Jesus? **"Gaan maak jy ook so."**

Moenie maak soos die priester en die Leviet nie. Maak soos die Samaritaan, maak soos die een wie se naam jy nie eens oor jou lippe kan kry nie. Hy was bereid om 'n naaste te wees vir iemand in nood. Sonder om vrae te vra het hy sy eie lewe vir die vreemde slagoffer op die spel geplaas. Gaan maak jy ook so. Is jy bereid om 'n naaste te wees vir iemand anders? Moenie vir My vra: 'Wie is my naaste?' Nie. Laat Ek eerder vir jou vra of jy ander mense se naaste is?

En noudat ons so by vrae vashaak: Vir wie almal is jy bereid om 'n naaste te wees? Is daar 'n grens aan jou naasteliefde? Of is jy bereid om, ongeag wie die persoon in nood is, 'n naaste te wees vir hom of haar? Maak nie saak of daardie persoon belangriker of minder belangrik as jy is nie. Maak nie saak of hy bekend of vreemd is aan jou nie. Maak nie saak of jy in jou bekende omgewing of in 'n vreemde area is nie. Maak nie saak of mense vriendelik of vyandig na jou sal kyk nie. Ek vra weer: Is jy 'n naaste vir ander mense?

Die wet van naasteliefde wat die wetgeleerde so mooi uit sy kop uit opsê is makliker gesê as gedaan. Sien daar kom 'n punt waar omgee vir jou moeilik gaan raak. Die wetgeleerde ken die korrekte teologie op die punte van sy vingers, hy wil ewe vir Jesus vasvra daarmee, maar waar sy kennis in daade moet oorgaan weet hy nie eens watter vrae om te vra nie.

Deur die gelykenis te vertel wys Jesus vir die wetgeleerde dat naasteliefde nie gaan oor die **"regte geloof"** nie. Naasteliefde is nie gelyk aan die vermoë om te filosofeer of te spekulêer oor die aard en die grense van liefde nie. Naasteliefde, omgee is nie gelyk aan mooi woordjies en oulike bedieningsprojekte wat ek maar net te dankbaar is die gemeente doen nie. Naasteliefde, omgee is nie gelyk aan velkleur of ekonomiese status of sosiale status of adresse nie. Naasteliefde is om op te hou vrae vra oor wie dan nou gehelp moet word en wie nie, en wie verdien my hulp en wie nie, en wanneer is genoeg genoeg, en en en...

Naasteliefde, omgee is doodeenvoudig om liefde "te doen" teenoor iemand wat dit op daardie oomblik nodig het.

Dalk sal dit ons help, wanneer ons aan die gelykenis dink, om onself in die verhaal te plaas as die beseerde man. Die een sonder identiteit, anders as dat hy beseer en kaal is. Want wanneer jy bebloed en kaal en sonder menswaardigheid langs die pad lê, dan val jou vooroordele weg. Dan maak dit nie meer saak wie se hulp jy sou verkies nie, met wie se politiek jy saamstem nie, wie jy as "jou mense" beskou nie. Wat saak maak, is of iemand jou gaan raaksien en medelye gaan hê. Ja ek en jy weet dat daardie stukkend geslaande Jood so graag sou wou gehad het dat die priester moes help. Hy is immers die kerkman, die heilige, die een wat weet hoe en wat, die geleerde. Dalk selfs die Leviet, die kerkraadslid, die een wat deel van die bediening in die gemeente is. Maar daar op 'n grondpad, stukkend en seer geslaan val jou eie vooroordele weg, sou jy selfs die hand van die een wat jy as nikswerd beskou, krampagtig vasgryp.

Dalk is dit wat Jesus met hierdie gelykenis vir ons wou kom wys. Dat Hy ons wou skok met 'n nuwe gesig van God. Wat genadiglik oor die antieke, bloederige skeidslyn stap en jou leer wat "barmhartig" beteken, wat naasteliefde beteken, wat omgee beteken.

En dan... dan sê Jesus: Gaan maak jy ook so. Gaan wees jy die verrassende nuwe gesig van God wat genadiglik oor die skeidslyne van ons tyd stap en vir iemand 'n hand uitreik.

Dis eers wanneer ons onself ingedink het in die posisie van die man langs die pad, wat deur die Samaritaan gehelp word wat ons vir Jesus kan hoor.

Gaan maak jy ook so.

Naasteliefde is doodeenvoudig om liefde "te doen" teenoor iemand in wat dit op daardie moment die nodig het.

Dit is om die nood van mense raak te sien, en wanneer jy hulle sien, om nie verby te hou om watter goeie rede ookal nie, maar om te stop en om te doen wat gedoen moet word om vir hierdie persoon sy menswees terug te gee. Daardie Samaritaan het veel meer gedoen as om net wonde te versorg en seer plekke te verbind. Hy het vir iemand sy menswaardigheid teruggegee. Jy mag dalk nie goed genoeg gewees het in die ander twee manne se oë nie. Maar in my oë ag ek jou kosbaar genoeg om om te gee.

Gaan maak jy ook so: Om om te gee vir iemand wat dalk nie die vermoë het of intensie het om vir jou om te gee nie. Wat op daardie oomblik niks het om vir jou terug te gee nie. Ek het vir baie lank gedink die grootste ding wat daardie Samaritaan vir daardie stukkend geslaande man gegee het was self en geld om vir sy versorging te betaal. Nee. Dit was nie. Hy het die een ding gegee wat die ander 2 manne nie bereid was om te gee nie. Tyd. Hoe spel ons omgee? Hoe spel ons liefde? Tyd. Jy gee vir iemand jou tyd. Maar dis meer as dit. Jy gee vir hulle jou tyd en jou commitment. Sien, dis maklik om geld en blikkies kos en ou klere te gee. Dis moeiliker as die omgee vra om jou tyd en commitment vir iemand te gee. Hoe gee ons vir mekaar menswaardigheid terug? Ons gee ons tyd en commitment. Daardeur sê ons jy is belangrik genoeg vir my. Dis die grootste omgee en liefde wat ons vir iemand kan gee. Hoekom? Want my aandag, my tyd is my lewe. En as ek vir jou my aandag en tyd gee, gee ek vir jou my lewe. Ek gee vir jou iets wat ek nooit weer sal kan terugkry nie. Ek sal nooit weer daardie tyd kan terug kry wat ek vir jou gegee het nie. Ek kan altyd weer 'n bietjie ekstra geld maak. Ek kan altyd weer kos gaan koop, nuwe klere, skoene. Maar ek kan nie meer tyd kry nie. En wanneer ek vir jou my tyd gee, gee ek vir jou 'n deel van my lewe. Ons almal het net soveel tyd. Jy is kosbaar genoeg vir my dat ek soos 'n Samaritaanse man my skedule sal agtertoe skuif, my dagboek sal herbeplan, in my gejaag en besigwees sal stop, en vir jou my die beste van myself sal gee. My tyd.

Dalk is dit wat God eintlik van ons vra as Hy sê: Gaan doen jy ook so. God vra dit van ons. Moe oprol en aktief naaste wees vir wie dit op hierdie oomblik nodig het. Die God wat medelye het met alle mense vra dat ons met alle mense medelye sal hê, dat ons geraak sal word deur hulle nood, dat ons seer sal kry oor hulle swaarkry. Genoeg sal omgee om tyd en commitment te gee. Die belangrikste wat ons het.

Jesus het vir ons kom wys wat mede-lye is. Terwyl Hy die gelykenis van die barmhartige Samaritaan vertel is Hy oppad na Jerusalem om daar 'n medelyer te word vir elkeen van ons, omdat Hy met genadige oë na ons kyk. En in Jerusalem het Hy Homself aan rowers oorgegee, en hulle het Hom aangeval en kaal uitgetrek en geslaan. Hulle het Hom halfdood aan die kruis agtergelaat. Sy eie mense het ompaai om die koppie gestap. Ander het nader gegaan om beter te kon sien en hulle het Hom gespot en daarna hulle rug op Hom gedraai. God self het uit sy pad uit gegaan om by Jesus verby te hou. Die barmhartige God was onbarmhartig en het gekies om anderpad te kyk. Maar sy onbarmhartigheid van daardie dag teenoor sy eie Seun is gebore vanuit sy liefde vir alle mense, ja ook vir sy vyande en die wat Hom spot en die wat nie in Hom glo nie en die wat nie weet wat hulle doen nie.

Toe Hy by sy Seun verbygehou het het Hy nie vrae gevra oor die kwaliteit mense vir wie Hy die opoffering maak nie. Hy het nie gespekuleer oor wat of hoe ons eendag sou wees nie, nie gefilosofeer oor die aard van liefde nie. Hy het bloot ingespring waar niemand anders wou of kon nie, en die noodsaaklike gedoen. God het net sy moue oopgerol en gedoen en liefde en omgee het op ons neergereën. God is ons Naaste.

Is ons mekaar se naastes? Is ons ander se naastes?

Wat is die kern daarvan om 'n Christen te wees?

“Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag en met jou hele verstand, en jou naaste soos jouself.”

Dis so eenvoudig. Dis nie rocket science nie.

As ek dan in enige omstandighede wil weet wat is die regte ding om te doen, hoe moet ek optree? Dis eenvoudig: jy moet jou naaste liefhê soos jouself.

En daar is nie handige klousules van mense wat nie ons naastes is nie, mense wat ons maar kan uitsluit, mense wat ons nie hoef lief te hê nie.

Dis nie rocket science nie. Om te weet wát om te doen, dis eenvoudig.

Maar HOE? Nou dit. Dit is kwantum fisika. ... om jou naaste lief te hê. Weet jy wat? As jy dit self probeer doen, dan is dit onmoontlik. Jy kan dit nie doen nie. Dis hoekom ons Christene is, en nie sommer maar net humaniste of nice,goeie of oulike mense nie. Want om te leef as 'n Christen, is om:

“die Here jou God lief [te] hê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag en met jou hele verstand, en jou naaste soos jouself.”

Daardie twee hoort saam. Daar is mense vir wie ek nie uit my eie uit innig jammer kan kry of medelye mee kan hê nie. Ek kan nie. Daardie goed is wat God doen. Wat ek doen, is om vir God lief te hê. En wanneer ek dan mense op my pad teëkom.

dan is ek lief vir God. Met my hele hart en met my hele siel en met al my krag en met my hele verstand.

En dan? Dan verander God my. Dan ontvang ek liefde en omgee – wat nie myne was nie. Dan sien ek myself, en hoe nodig ek self daardie jammerte en medelye het. En dan? Dan rol ek moue op en deel ek omgee en liefde tasbaar, konkreet uit.

Amen

8. GEBED

Franciskus van Assisi

Here, maak my 'n instrument van U vrede.

Waar daar haat is, laat my liefde saai;

waar daar onreg is, vergifnis;

waar daar twyfel is, geloof;

waar daar wanhoop is, hoop;

waar daar duisternis is, lig;

waar daar droefheid is, vreugde.

Here, gee dat ek nie soseer sal soek om getroos te word nie as om te troos;

om verstaan te word nie as om te verstaan;

om bemin te word nie as om lief te hê.

Want dit is deur te gee dat ons ontvang; dit is deur te vergewe dat ons vergewe word;

maak van my 'n draer van U liefde oor alle grense heen. Maak my sensitief vir u kinders se nood, u kinders se seer, u kinders se swaarkry. Gee vir my u hart vir hulle, u geduld, u liefde.

Amen

9. SEËNGROET

Mag die liefde van die Here Jesus ons na Hom toe trek;

Mag die krag van die Here Jesus ons sterk maak in sy diens;

Mag die vreugde van die Here Jesus ons vervul.

Mag die seën van die almagtige God, die Vader, Seun en Heilige Gees, tussen ons wees en vir altyd bly.